# impala

Bosveld Jagters- en Wildbewaringsvereniging Tydskrif | Bushveld Hunters and Conservation Association Magazine

AUGUSTUS 2007 AUGUST



## Ground Hornbill conservation

## Skote klap op KROKODILSPRUIT

## Andersheid bring Eensaamheid

NORTHERN AUTO

*Electrical Services*

2 National Road, Musina

Tel: (015) 534-0370

Morné: 0834002495

Pieter: 0833819360

VESA Approved

Fit of:

- Car Audio
- Automotive Air-conditioners
- Cell Phone Kits
- Alarms / Immobilizers
- Central-Locking Systems, etc.
- We are the only TRACKER Fitment Centre in Musina
- We also specialize in field services

Repairs done on all

Starters, Alternators, Wiring, etc.

Refill and repairs done on Automotive Air-conditioning

TRACKER

KWIKSPAR

DOUBLE MONEY BACK QUALITY GUARANTEED

*Life's great!*

Every product in our SPAR Brand range is top quality, making it as Good as the Best, for Less.

# CROSS KWIK SPAR

## PALMSENTRUM

H/V Harold Grenfell & Irwin St

Posbus 1864 Messina0900

Tel 015534 0800 Faks 015 534 0081

# Inhoud · Contents



## Cover Story

**Mabula Ground Hornbill Conservation Project**

**Photos by Mike Jordan**


| | |
|---|---|
| *Ons President* | *3* |
| *Redaksioneel* | *3* |
| *Spogblad* | *5 - 6* |
| *KOLSKOOT* | *1001 - 1004* |
| *Taknuus* | *7* |
| *Herlaaikursus* | *9* |
| *Jagstaaltjies* | *9* |
| *Andersheid bring eensaamheid* | *10* |
| *Conservation/Bewaring* | *11* |


# Ons President


U voortgesette lidmaatskap van hierdie vereniging impliseer ook u steun vir die doelstellings, visie en missie van BJV.
Dit word hoog op prys gestel omdat ons glo dat ons 'n goeie en effektiewe organisasie is, dat ons doelstellings suiwer, rein en opreg is, dat ons reeds 'n baie groot bydrae gemaak het tot die Jag- en Bewaringsbedryf in hierdie land – en elders - en dat ons vasberade is om voort te gaan daarmee, asook met ons selfopgelegde taak as bewakers oor die wild – en natuurlewe.
Elke sent wat u belê in jag – hetsy as jag- en akkommodasiegeld, in taksidermie of in u toerusting, is 'n mosie van steun vir die toekoms van ons geliefde kultuuraktiwiteit.
Baie dankie daarvoor en doe zo voort, asseblief!
Dit was my voorreg om 'n jaggeselskap te vergesel na Zimbabwe vroeg in Juniemaand. Terwyl daardie land 'n jagmekka bly, wonder ek of dit nie raadsaam is om eerder besoeke aldaar uit te stel, gegewe die politieke en ekonomiese toestande wat tans daar heers nie. Hopelik sal die situasie binnekort stabiliseer.
Navorsing het al by herhaling getoon dat u – die Suid Afrikaanse jagter – die ruggraat en grootste geldelike steunbasis van die bedryf is.

Jagtersgroete,

Fred Mulders



# Redaksioneel



Redakteur: Piet de Jager
Selno: 083 628 8410
Uitleg en kunswerk: Johann de Jager
Selno: 084 803 1116
Sekretaresse en Advertensies:
Sonja Steyn
Telno: 012 333 8969
Faksno: 0866 145 650
E-pos: pgdejager@webmail.co.za

TEKENS
Die koraalbome is rooi van die bloeisels en die winter so te sê verby. Die foto's, verhale en biltong, vertel van 'n goeie jagseisoen, so oor die oop visier gemeet.

HAND VAN BEWARING
Op 12 Julie 2007 het 'n skietongeluk die lewe van 'n jagter geëis. Die jagmaat wat die skoot afgetrek het, en die gesin van die oorledene, sal nog vir jare die wond dra. Ons simpatie is met hulle. Dit benadruk net weer dat ons elke veiligheidsmaatreël moet nakom, en dat die Hand van Bewaring deur elkeen van ons werk. Dit is immers 'n mens se vinger wat die sneller druk.

IETS OM OOR TE PEINS ...
Uit ;"Ballade van die bloeddorstige jagter" - G.A. Watermeyer

Steenbokkie : Hy het my op die sesde dag
laat dartel uit Sy hand;
en sewe mane spartel ek
dié breekbeen oor die sand.

VRAAG EN AANBOD
Dat jagters die biltong pluk van die vryemarkstelsel, is seker. Impala hoop dat boere ook in die vreugde deel. Van jagterskant af styg die vraag, dit laat wildpryse styg, wat op sy beurt skaap- en beesplase omskep in wildplase. Doodgewone vraag- en aanbodlogika. Om dié logika tuis te bring, beteken kommunikasie tussen wildboer en jagter. Die verhouding moet op wedersydse vertroue gebou word.
Ons moet weet wat ons aan mekaar het, sodat niemand probeer om soveel moontlik uit die ander te kry nie.

JAG: EGO- "BOOSTER", "TOOL" OF VOORREG? -- Kobus Joubert
Trofeë pryk teen al wat muur is. Van reg oor die wêreld, sommige manlik en vroulike langs mekaar. Dat jy vir die pot jag, word flink beantwoord met die stelling dat as jy dit kan bekostig, jy maar kan skiet. Die skut spog met sy skootplasing, wapen en kaliber. Die rekordboek in sy hand is gevul met bladsye van homself. Die gesprek word stil in afwagting vir lofprysing. Die jagter het immers hard gewerk vir die geld en voel dat hy die eer verdien. Sy beker loop oor van al die erkenning en komplimente. Dit alles - 'n ego "booster".

'n Gehuurde 4x4 vol direkteure en 'n sleepwa vol galopsop. Belangrike kliënte word uitgeneem, alles op die huis. Met "stainless steel" glase in die hand is die vliegtuig is sommer vroegdag oor. "Stop! Stop, die glase stort!" Daar word verwoed gekeer dat die bottel met die padkos breek. Die skoot klap en die bok hardloop. Die direkteursvergadering agter op die bakkie besluit dat die skoot mis was. Na so 'n lekker week in die bos sal die bestellings weer instroom, want niemand wil volgende jaar se uitstappie misloop nie. Die jag "tool" werk darem goed.

Sorgvuldig word seker gemaak alles is gepak. Jou geweer is nie die duurste nie, maar jy ken hom soos jou wysvinger - tekortkominge inkluis. Láát in die seisoen word dragtige vroulike diere vermy. Die suiping agter die trofeeram laat jou die geweer stadig sak en hand uitsteek na die verkyker. Langs die kampvuur word vertel van die gompou en die mooi kremetart. Die biltong van die knypkopram, word stukkie vir stukkie met jou knipmes gesny. Wat 'n voorreg!

Wie hunker nie na daardie Roland Ward-koedoebul nie? Wie geniet nie vriende op 'n jagtog, of 'n glasie om die kampvuur nie? In nederigheid, met respek vir dier en Skepping, en waardering vir die geleentheid, vertel jy aan jou vriende van die duime en sestiendes. Dit gaan oor ons gesindheid. Etiese jagters: Is dit ook 'n spesie wat op die rand van uitsterwing staan?

TRADISIE

Tradisioneel eet ek en my jagmaats 'n lewerdis ná die eerste sukses in die jagveld. 'n Dis voorberei om dit "met vreugde na binne te stuur." Daar eindig die tradisie, en diegene wat nie van lewer hou nie, eet in vrede boerewors, of wat ook al.

Impala verneem graag van tradisies wat spontaan ontstaan het en sonder dwang bly voortbestaan as 'n nie-kunsmatige "inlywing" tot jagterstatus.

'n Twyfelagtige tradisie, gelukkig so ver my kennis strek, beperk tot 'n enkele persoon, was om sy eerste bok van die seisoen, se bloed saam met sy whiskey te drink. Laat hy val waar hy wil...

IMPALA : BEDREIG KOSTE SY VOORTBESTAAN?

Koste is 'n gewigtige deel van elke oorweging. Ook Impala se verskyning. Kortliks is daar drie maniere waarop die koste (nagenoeg R12.00 om hom op jou tafel te kry) so geplooi kan word dat BJV hom kan bekostig:

1. R5.50 posgeld kan grootliks geabsorbeer word deur die Wild en Jag-aanbod te aanvaar. Dit is dus 'n bonus as jy in ag neem dat jy nou 'n tydskrif met BJV-inhoud kry, plus 'n tydskrif met nasionale trefwydte, oor die onderwerp jag en bewaring.
2. Elke tak werf plaaslik advertensies vir die maand waarin hy die Impala dra. Vir hierdie uitgawe het Kremetart – ons kleinste tak, byna helfte van die koste gedra. Advertensiewerf is nie armdraai nie. It pays to advertise!
3. Hoofkantoorkommunikasie aan lede word so ver moontlik d.m.v. ons geelbladsye gedoen.

JAGTERS EN WILDDIEWE

Bid jou aan, Rapport, 29 Julie 2007, noem 'n wilddief wat strikke stel op 'n wildplaas, en met sy honde wild steel, 'n "jagter." Is dit moedswilligheid, of is dié koerant rêrig so oningelig?

SKIETSTUT

Willie Olivier, aktiewe jagter en herlaaikundige, het dié vindingryke skietstut vir Impala gegee. 'n Gewone tweepoot, met 'n derde aan die snellerhand se poot.

Poot no. 3 kan op die skouer, in die elmboog of elders teen die lyf vastrap, terwyl die ander twee steeds 'n alledaagse tweepoot is.

Aan no.3 se punt kan 'n houtblokkie of so iets sorg vir gemaklike anker.



Alle kopiereg van die inhoud word voorbehou. Geen deel mag op enige wyse gereproduseer word sonder skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Uittreksels en aanhalings(maksimum 60 woorde) mag sonder toestemming gebruik word, mits volledige erkenning aan die skrywer en die publikasienaam en –datum gegee word.
Die redakteur behou die reg voor om artikels te verander en/of te verkort. Die uitgewer aanvaar geen verantwoordelik-heid vir die inhoud van die advertensies nie. Die mening van medewerkers is nie noodwendig die mening van BJV nie.

BOABAB DRANKKELDER
3 FROST AVE
MUSINA 0900
TEL/FAX 015 5341034
COME AND VISIT US!

IMPALA FISHING TACKLE
(In Impalalelie Hotel – Musina)
Grootste reeks plastiekwurms in Limpopo
* Shimano
* Halco
* Okuma
* Rapala
* Karp muti's
* Mieliebom
* Honderde visstokke
* Hounette
* Skepnette
* Hengeltekkies
André Smit 082499 5876

# Spogblad



Hannes Nel het hierdie buffel in 2005 geskiet in Zambesi, Tshiore, met 'n .375



Madelaine Nel hetr haar waterbok met 'n .308 geskiet in die Zambezi-vallei, September 2006.



Hierdie rooibokram is deur Mara Nel met 'n .308 in die Zambezi-vallei gejag.



Izak Nel (14), se buffel het voor sy .375 geval . Zambezi-vallei, September '06



Die vlakvark glimlag breed met sy 15¼" tande. Wallie van Dyk het hom naby Gravelotte op 70 meter gejag met 'n 7x57(170 grein Rhino).




Andre Park (11 jaar oud) het sy rooibok op die plaas Leeudraai, op 'n afstand van 105m met 'n .308 geskiet. By hom is Div Theunissen.



Ferdie Potgieter.



Zirk Joubert.







Kobus Mostert van Kremetart met 'n paar rooibokke. By die swartwillie is hy saam met sy maat André Bester. Om vir elke skoot wat jy aftrek 'n karkas in die koelkamer te hang, moet jy genoeg oefening kry, sê Kobus.





## Seun sny Pa se spoor.

Derick Koekemoer het sy vaalribbok op 240m met 'n .270 naby Bredasdorp in die Suid-Kaap platgetrek. Die jag het in tipiese fynboshabitat plaasgevind. Sy seun Erich(regs) by sy eerste rooibok met 'n horinglengte van 23 duim wat hy op 60 meter met n kopskoot neergevel het. (roer: .223 Rem., 55gr soliede Hornady koeël.) Dié jag het by Waterpoort agter die Soutpansberg plaasgevind.

















Magaliesberg het 'n 100% slaagsyfer behaal met sy Junior 2 kursus. Hier is foto's van agt van ons kandidate:
Bo v.l.n.r.: Juan Peare Nel, Kevin le Roux, Christiaan Barnard, André Nortjé,
Onder v.l.n.r.: Lydia Koekemoer, Erik Boshoff, Jonty Venter, J.D. van der Lith.

**BJV** KONTAKPERSONE EN -NOMMERS

Uitvoerende Bestuur

| | | |
|---|---|---|
| President | Fred Mulders | 082 851 4618 |
| Voorsitter | André vd Merwe | 082 460 1220 |
| Onder-Voorsitter | Hein Höll | 083 271 3280 |
| Penningmeester | Frederik Eloff | 082 895 8217 |
| Hoof Opleiding | Louis Naude | 083 775 5476 |
| Sekretaresse | Rindie Prinsloo | 083 630 5777 |
| Redakteur | Piet de Jager | 083 628 8410 |
| | | |
| Vise Presidente | Ford Winnertz | 082 443 5076 |
| | Gerrit Bakker | 082 441 9888 |
| | Abel Botha | 082 773 1488 |
| | Tewie Wessels | 084 617 7254 |
| | | |
| Takke | | |
| Kremetart | | |
| Voorsitter | Johan Kapp | 082 492 6200 |
| Ondervoorsitter | Neels Osmers | 082 851 0707 |
| Sekretaresse | Welma Cilliers | 082 339 0522 |
| | | |
| Letaba | | |
| Voorsitter | André Le Grange | 082 322 5388 |
| Ondervoorsitter | Dawie van Vuuren | 083 454 5391 |
| Sekretaris | Cornel Maree | 082 922 6882 |
| | | |
| Magaliesberg | | |
| Voorsitter | Derick Koekemoer | 082 490 5900 |
| Ondervoorsitter | Paul Grobler | 082 412 3497 |
| Sekretaresse | Rindie Prinsloo | 083 630 5777 |
| | | |
| Pietersburg | | |
| Voorsitter | Nico Wepener | 083 407 4512 |
| Ondervoorsitter | Norman Brown | 083 635 1234 |
| Sekretaris | Stephan du Plessis | 084 491 1165 |
| | | |
| Potgietersrus | | |
| Voorsitter | Ford Winnertz | 082 443 5076 |
| Ondervoorsitter | George Hobbs | 082 460 6813 |
| Sekretaresse | Liesel Hobbs | 083 295 0061 |
| | | |
| Soutpansberg | | |
| Voorsitter | Frans Heinlein | 082 876 0614 |
| Ondervoorsitter | Nardus Stegman | 082 892 8604 |
| Sekretaresse | Lerina Heinlein | 084 209 3123 |
| | | |
| Waterberg | | |
| Voorsitter | Pepe Silvestri | 082 655 7755 |
| Ondervoorsitter | Gerrit Bakker | 082 441 9888 |
| Sekretaris | Gerrit Jan Bakker | 082 852 1429 |

| | |
|---|---|
| Posadres | posbus 1771, Polokwane |
| E-pos | executive@bushveldhunters.co.za |
| E-pos Piet de Jager vir artikels | pgdejager@webmail.co.za |

TEL 079 511 5358 (NUUT)
FAKS 079 511 9138 (NUUT)

Kantoor:
Werksure : Maandae tot Donderdae 8:00 tot 16:00
Vrydae 8:00 tot 13:00
Marius Huisman 084 628 1936
Onthou alle navrae moet deur julle takke gaan.
Elke tak het 'n admin dame


*Messina Apteek/Pharmacy*
*Chris en Mara Limbach*

**Posbus/PO Box 150**
**Messina**
**0900**

**Tel: 015 534 0812**
**Fax: 015 534 0657**
**Sel/Cell: 083 302 2132**

**E-mail: mesapteek@limpopo.co.za**


NUWE IMPALA
ADVERTENSIETARIEWE

BLINKBLADSYE
1.1 KLEUR

| | |
|---|---|
| AGTERBLAD | R 2500-00 |
| ANDER VOLBLAD | R 2000-00 |
| HALFBLAD | R 1500-00 |
| (HORISONTAAL OF VERTIKAAL) | |
| KWARTBLAD | R 1000-00 |
| HORISONTAAL OF VERTIKAAL | |
| 1/8 BLAD | R 600-00 |

1.2 SWART EN WIT

| | |
|---|---|
| VOLBLAD | R 1500-00 |
| HALFBLAD | R 1000-00 |
| KWARTBLAD | R 700-00 |
| 1/8 BLAD | R 400-00 |

2. KOLSKOOT

| | |
|---|---|
| VOLBLAD | R 1000-00 |
| HALFBLAD | R 700-00 |
| KWARTBLAD | R 500-00 |
| BLOKKIES | R 60-00 |
| (per cm in 6cm kolom) | |

BJV MAGALIESBERG BIED AAN:

# JAGGEWEER GROEPERINGSKIETKOMPETISIE

## 15 SEPTEMBER 2007

VANAF 07:30 TOT 16:00

## KROKODILSPRUIT SKIETBAAN

(22KM OP DIE MOLOTOPAD, R573)

# MEER AS R40 000 SE PRYSE

**OPE AFDELING 1STE PRYS TER WAARDE VAN R8000**

OPE AFDELING 20 PRYSE
DAMES AFDELING 5 PRYSE
JUNIOR AFDELING 10 PRYSE

VOORSIEN EIE AMMUNISIE (SELFLADINGS TOELAATBAAR)
ENIGE SENTERSLAG KALIBER

**R100-00 INSKRYWING EN EERSTE TEIKEN**
**R30-00 DAAROPVOLGENDE TEIKENS**

NAVRAE:

KOBUS JOUBERT 0826516570
RINDIE PRINSLOO 0836305777

**Bosveld Jagters- en Wildbewaringvereniging**

Posbus / PO Box 1771 Pietersburg 0700
Tel : 079-511-5358
Faks 079-511-9138 óf 086 695 9787
E-Pos: executive@bushveldhunters.co.za.

**2008**

INLIGTINGSBROSJURE

Wat is Bosveld Jagters- en Wildbewaringvereniging?
(hierna genoem die BJV)
Soos die naam aandui het BJV twee hoof funksies. Eerstens, die jagter, met alles wat daarmee gepaard gaan. Dink aan etiese kodes, reëls, wette en ordereëlings ten einde jag as `n gekontroleerde sport te beoefen. Dit is ook een van BJV se doelstellings om altyd nog meer jaggeleenthede te bekom vir ons lede.

Daar bestaan reeds 19 verenigings soortgelyk aan BJV met `n gesamentlike totaal van ±15,000 lede. Die meeste van die verenigings word saamgesnoer onder die oorkoepelende sambreel van CHASA wat dan ook as spreekbuis dien vir die jagter in Suid-Afrika. So is daar insette gelewer op regeringsvlak oor sake rakende die jagter in die algemeen.

Daar kan met reg gesê word dat jagters wat nie lid is van `n jagtersvereniging nie, wel direk baat vind by die werk wat deur verenigings soos BJV via CHASA gedoen word - sonder CHASA sou die beperkinge meer omvangryk gewees het.

Tweedens moet elke jagter omsien na die natuur- en wildlewe om te verseker dat hy sy sport in die toekoms steeds sal kan beoefen. Die onoordeelkundige benutting van ons natuurbronne kan onberekenbare skade aan ons wildlewe berokken. So word daar op voortdurende basis deur CHASA bystand verleen aan instansies wat studies in hierdie verband onderneem. Daar is al finansiële hulp verleen aan verskeie projekte soos die hervestiging van die Mofhartebees, die Bastergemsbok en Bosbokke in aangeplante bosbougebiede, die studie oor vrektes onder Koedoes en nog vele meer.

In kort kom dit daarop neer dat die bewaringfunksie miskien swaarder weeg by die ernstige jagters as die jagaspek omdat laasgenoemde nie kan bestaan sonder die eerste nie.

AKKREDITASIE.

Die BJV is ‘n ge-akkrediteerde Jagters Vereniging in terme van die “Wet op beheer van Vuurwapens” No: 60 van 2000. Ons akkreditasie nommer is 1300084.
BJV is dus in staat om Toegewyde Jagters Lidmaatskap aan sy lede toe te ken.

WERKSAAMHEDE
Die BJV poog heeltyds om die funksies soos hierbo gestel uit te leef. Teneinde dit te kan doen onderneem BJV dan die volgende:

OPLEIDING
Daar bestaan `n standaard toets wat vrywillig deur lede afgelê kan word om te bepaal of so `n persoon oor die voldoende kennis beskik aangaande sinvolle jag.
Lesings in dié verband word aan elke lid beskikbaar gestel en is voldoende om hom/haar toe te rus vir die eksamen. Die toets is nie daarop gemik om te bepaal wat `n persoon nie weet nie, maar wel om hom in staat te stel om te bepaal of hy oor voldoende kennis beskik vir sinvolle jag. Dit word in goeie gees en ontspanne atmosfeer afgelê en behoort niemand af te skrik nie.

Die neiging by wildboere en instansies is dat slegs bekwame lede van jagtersverenigings in die toekoms op diésulkes se grond sal kan jag. Daarom wil BJV sy lede vroegtydig daarop voorberei.

JUNIOR OPLEIDING
Benewens die formele sy van opleiding word daar jaarliks ook opleidingskampe vir junior lede aangebied waartydens die basiese tegnieke van die jagsport geleer word. Dit omsluit byvoorbeeld identifisering van wildsoorte, spoorsny, wapenhantering, veiligheid, natuurbewaring, skootplasing, vleishantering en nog vele meer. Die kampe is uiters gewild en groei die gehalte van talle juniors elke keer konstant. Soortgelyke kampe word ook vir volwasse lede aangebied. Die kursusse is uiteraard meer gevorderd en is meer op die praktiese toegespits.

SKIETDAE
Skietdae word op gereelde basis aangebied. Lede kan hulself ook op hierdie gebied bekwaam deur die skiet van die CHASA tabel. Daar word uit veld posisies geskiet sodat lede deurentyd die oefening kry. Skietbalkies word ook op hierdie tabel verwerf.

ALGEMEEN
IMPALA
`n Nuusblad wat kwartaaliks uitgestuur word waarin lede van hul wedervaringe kan deel met almal. Dit bevat ook inligting oor sosiale byeenkomste, kompetiesies, jaggeleenthede en ander verwante wetenswaardighede.

TROFEEKOMPETISIE
Vir die lede wat trofee van enige spesie gejag het, word daar jaarliks `n trofeekompetisie gehou waar alle lede kan meeding. Verskillende afdelings bestaan vir die onderskeie wildspesies en daar is ook `n afdeling vir junior lede. Daar is trofeereëls wat nougeset nagekom moet word ten einde te verseker dat alle inskrywings wettig gejag is.

VOORDELE
In kort hou die BJV geen finansiële voordele in nie. Dit is `n vrywillige vereniging waar jy as lid `n bydrae kan lewer tot die jagsport en natuurbewaring. U word genooi om die aansoek vorm te voltooi en aktief betrokke te wees by dit wat vir ons en ons kinders belangrik en genotvol is.

GESINSLIDMAATSKAP
Gesinslidmaatskap bestaan uit `n primêre lid, sy gade en hul kinders wat 24 jaar en jonger is en wat finansieel afhanklik van die primêre lid is. Slegs die primêre lid ontvang korrespondensie.

JUNIORLIDMAATSKAP
Juniors ouer as 18 jaar wat voltyds studeer kan, met toestemming, nog die ledegeld van juniors betaal andersins word alle aansoekers ouer as 18 jaar as senior lede beskou.

AANSOEKVORM:

Gesins-Hooflid Senior Junior

voltooi in drukskrif asseblief en antwoord elke vraag:

[byvoorbeeld fakslyn: – geen]

Familienaam/Van: ------------------------------------------------

Voornaam/e : ------------------------------------------------

Noemnaam: ---------------------------------------------------

Selfoon: …………………………………………

ID Nommer: …………………………………………

Beroep: …………………………………………

ALGEMENE INLIGTING:
Woonadres: Plaas /Woonstel: -----------------------------------------

Str.: -------------------------------------------------[kode --------------]

Posadres: Postnet Suite: ----------------- Bus: ---------------------

Dorp/Stad------------------------------------------.[kode -------------]

Landlyn: [kode ………] No: ……………………………

Fakslyn: [kode ……….] No: ……………………………

E-Pos : …………………………………………………….

U TAK--KEUSE: …………………………………………..

*****************************************************

Lidmaatskap is vir 1 jaar vanaf 1 Sep tot 31 Aug.
Aansluitingsgelde beloop eenmalig R300.00.
Ledegelde word pro-rata per kwartaal bereken as volg:

| VANAF: | 1-Sep | 1 -Des | 1-Maart | 1-Jun |
|---|---|---|---|---|
| GESIN | R450.00 | R337.50 | R225.00 | R112.50 |
| SENIOR | R350.00 | R262.50 | R175.00 | R 87.50 |
| JUNIOR | R100.00 | R 75.00 | R 50.00 | R 25.00 |

HOOFLID SE GADE:

Familienaam/Van : …………………………….

Voornaam/e : ………………………………….

Noemnaam: ………………………………….

Selfoon : …………………………………….

ID Nommer: …………………………………….

Beroep: …………………………………………

VERKLARING DEUR AANSOEKER:
Ek, die ondergetekende applikant, verklaar hierby eerbiedig dat:
Die inligting hierbo deur my verstrek waar en juis is, en dat ek nog nooit skuldig bevind is aan `n oortreding van enige wildwette, ordonansie of regulasie nie en dat indien my aansoek slaag ek my daartoe verbind om:
Die reëls en Grondwet van die BJV getrou na te kom en om my ondergeskiktheid te verklaar aan die Dissiplinêre kode van BJV; getrou verdedigend op te tree in die bewaring van die land se natuurbronne; naamlik sy grond, plantegroei, water en sy natuurlewe.
Aldus gedoen en geteken op ………… dag van ………………………20…… .

AANSOEKER: ------------------------------------
Aanbeveling van bestaande lede:
Ons die onderstaande lede verklaar dat die applikant in alle opsigte `n geskikte persoon is om lid van die vereniging te word.
Naam: ………………………… Lid nr: …………

Naam: ………………………… Lid No: ……………

Tjeks word uitgemaak aan BOSVELD JAGTERS VERENIGING
U mag nie meer BJV op u tjeks skryf nie.

Bank besonderhede:
ABSA BANK , PIETERSBURG. REK: 405 173 2406
Vir Kantoor gebruik :

Goedgekeur: Datum: -----------------------------------------------

Handtekening: ---------------------------------------------------------

P I G L K T

Addisionele Gesinslede:

1. SEUN DOGTER

Voornaam/e: …………………………………….

ID Nommer: - - - - - -/- - - -/- - -
[óf geboorte datum]

Student Skolier Voorskool

Selfoon : ……………………………………………….

2. SEUN DOGTER

Voornaam/e : …………………………………….

ID Nommer: - - - - - -/- - - -/- - -
[óf geboorte datum]

Student Skolier Voorskool

Selfoon: ……………………………………………….

3. SEUN DOGTER

Voornaam/e : ……………………………………….

ID Nommer : - - - - - -/- - - -/- - -
[óf geboorte datum]

Student Skolier Voorskool

Selfoon: ………………………………………………….

4. SEUN DOGTER

Voornaam/e: …………………………………….

ID Nommer: - - - - - -/- - - -/- - -
[óf geboorte datum]

Student Skolier Voorskool


Selfoon : ……………………………………………….














## Voorseisoen Skietdag - Krokodilspruit

▲ Magaliesberg het 'n suksesvolle voorseisoenskietdag afgesluit met 'n prysuitdeling en 'n gesinsgeselligheid. Dieselfde span wat aan die roer van sake was, is opgekommandeer vir die groeperingskiet op 15 September.

◀ Klein in getal, groot in onderneming. Kremetart span die natuurlike hulpbronne in en prakseer 'n skietbaan in 'n droë rivierloop.







DUNLOP

**GTE Tyre Centre**

Tel/Fax: 015 534 2224/7
3 Irwin str Messina
P.O. Box 850
Messina
0900

Email: gtedunlop@lantic.net

**Regal** **Cooper** **India**

La'Cheri

No. 4 Limpopo Building
Nationalroad, Musina
Tel/Fax : 015-534-2285

AUTHORISED DEALER




CAT
Rocky
FOOTWEAR & CLOTHING
Jeep
STERLING
crocs
MERRELL


# HERLAAIKURSUS

Op 16 Junie, het Dr. Mauritz Coetzee, redakteaur van "African Outfitter," op Krokodilspruit 'n herlaaikursus aangebied. Magaliesberg se jagters weet nou heelwat meer van doelgemaakte koeëlpunte, ladings vir ver en naby skiet, krimp van dopnekke, en wat nog.

'n Groot voordeel van selflaai is dat dit heelwat goedkoper is om te skiet. Ervaring leer egter dat die skiet so lekker is en dat die voordeel eintlik in die méér skiet lê.









## JAGSTAALTJIES

# BURRIE SE SKAAPNEKPOTJIE EN DIE BESTE VLEIS

***Johan Kapp***

Terwyl ons harte swaar is oor een van ons ou jagmaats wat na beter jagvelde vertrek het, vertel ek graag hierdie jagstorie met erkenning aan Fanie Venter, wat die oorspronklike storieverteller is. Hierdie is 'n klassieke storie, nee, 'n ware jagstorie en dit het werklik gebeur.

In die vroeë negentigs het ons gereeld elke winter op die walle van die Limpopo, onder die groot jakkalsbessiebome, naby Swartwater gaan uitspan om ons biltongvoorraad aan te vul en ons batterye te laai.

Die Woensdag al is begin met voorbereidings en so het ek (Fanie Venter) by ou Faan Slaghuis op Nylstroom, 'n paar kilogram skaapnek gaan koop en ou Faan het sommer diep gesaag tot by die blaaie, want as ou Burrie 'n potjie maak, werk jy nie spaarsamig nie. Daar moet nog oorbly om die volgende oggend uit die pot te lek.

So vertrek ons die Donderdagoggend vroeg met groot opgewondenheid vir die heerlike naweek wat voorlê, en alles gaan sommer baie voorspoedig.

Die rooibokke is vet en sommer redelik mak en teen Vrydag is die gaashok al amper vol gehang met suksesse.

Johan, voorslagjagter wat hy is, besluit Vrydagmiddag hy gaan solank begin vleis bewerk en biltong sny en ons ander spook nog om ons kwotas vol te skiet. Tradisioneel is daar drie hope vleis wanneer 'n bok klaar bewerk is: Biltongmote, blokkiesvleis vir die meule en dan daardie hopie vleis en ander "goeters" wat maak dat die honde met groot opgewondenheid jou tuiskoms afwag. Na afloop van die bewerking is die hondevreugde in 'n blou plastieksak gebêre, langs die koelhouers.

Die seekoeie het deur die nag 'n bietjie gepla, maar Saterdagoggend is ou Burrie vroeg op om die voorbereidings vir sy potjie te begin, want die boer en sy vrou kom eet ook saam soos gebruiklik en dit moet 'n uithanggeleentheid wees. Ons ander gaan stap nog 'n draai om te kyk of daar nie nog 'n laaste rooibokram is wat wil saamry Nylstroom toe nie.

Teen twee-uur se kant kom ons natgesweet teruggestap kamp toe en van ver af kry ons al hierdie heerlike aroma van Burrie se potjie, wat ons monde laat water en die ure na aandete laat aftel. "Ou Faan", vra Burrie, "wat se vleis het jy gekoop vir die potjie?"

Sê ek: "Van ou Faan Slaghuis se lekker vet skaapnek."

Burrie lig die pot se deksel en deur die rook tuur ons na die inhoud en in stede van nekbeentjies sien ek 'n bladbeen met oog en al uitsteek. Sê ek vir Burrie: "Ou Faan Slaghuis het bietjie diep gesaag en dit verklaar dalk die stuk bladbeen wat daar in die potjie is."

Ek raak besig met my "pofadders" vir voorgereg, Johan met 'n slaaitjie en Petra kerf aan een van die rooibokkoppe wat die vorige nag in 'n gat in die grond gebak is. So gesels en kuier ons uit die boeke rondom die kospotte.

Sesuur se kant daag Gert(die boer) en sy vrou op. Ons skink vir hulle ietsie en my eerste pofadders is al gaar om aan te smul. Die hoofgereg kom aan die beurt en almal "um" en "aa" oor die besondere smaak van die potjie.

Ek skep 'n bietjie later in en gaan sit langs die boer se vrou en met die eerste hap proe ek dat hierdie potjie werklik uitstaande is en die boer se vrou stem saam. Maar die vet tussen haar tande pla 'n bietjie, sê sy. Hoe verder ek eet, pak die vet ook tussen my tande en in my verhemelte en sê ek vir die boer se vrou dat dit nou seker ek is wat die fout gemaak het deur vanmiddag 'n paar van die vet rooiboksterte in die potjie te gooi. Ek vind dit in hierdie stadium glad nie vreemd dat daar nie een skaapnekbeentjie in my bord is nie.

Ons het lekker saam gekuier en Burrie se potjie het tot laataand groot komplimente gekry en ék as die sondebok met die rooiboksterte.

Die Sondagoggend pak ons vroeg op, want die pad is ver huis toe en die verlange na vroulief is groot. Meteens kom Johan met 'n blou plastieksak uit die stoorkamertjie en vra ewe onskuldig: "Wat se vleis is dit hierdie, manne?" Sê ek: "Maar dit is dan die skaapnek wat ons gisteraand geëet het." Johan besef skielik wat hier gebeur het en toe vertel hy met groot smaak wat alles in die ander blou plastieksak was wat langs die koelhouer gestaan het. Sien, Johan se boerboel sien elke jaar met groot verwagting uit na die pensvet van stukkend geskiete pense, fyngeskiete bladbene en nersderms, kliere, bloedvleis en dies meer.

Toe brul die manne tussen die lêplekke.

Ek wil net sê, ou Burrie se potjie ken geen gelyke nie, en die samesyn en opregte vriendskap op hierdie uitstappies sal altyd in ons harte leef.

Fanie Venter.

Agterna het ons gewonder of die vleis en "goeters" wat ons altyd vir die honde gee, nie dalk die lekkerste deel van die bok is nie?

# DIE SLAG VAN KNOFFELFONTEIN

*Knoffelfontein is Hannes Jooste se pragplaas in die Karoo. Die gesonde stand van weiding en die puik kondisie van sy wild, skape en veredelde boerbokke, getuig van kundige bestuur. Sy seun, Frans (vee-arts,) het sy professore Johan Nöthling en Johan Terblanche, genooi vir springbokjag en so het lg. se vriende ook gedeel in die voorreg. Dag twee van die jag, waarop ons op versoek van die eienaar die hele trop moes uitskiet, was besonder opwindend, en so is dit beskryf deur:*

## *Willie Olivier*

Ek hoor ver links 'n skoot klap, en weet dat Johann junior, wat in die hoek sit, die oumanne voorgespring het met die eerste Springbok vir die dag. Sy pa, Piet, laat nie op hom wag nie, en stuur kort daarna die tweede sein uit van waar die bokke hulle tans bevind. Die bokke is nou so mooi op spoed, dat hulle Towan Nöthling nie eers laat weet hulle gaan daar verby nie. Johan Nöthling word anderkant die koppe oorval deur die vlugtende bokke, en skiet uit selfverdediging sommer twee. Ek self sit in my nessie, met 'n beperkte skootsvak voor my en hoop maar net dat die bokke nie so vinnig langs die draad verbykom dat ek nie 'n skoot kan inkry nie. Ek bespeur 'n beweging regs teen die lyndraad, en sien hoe die bokke gedissiplineerd in 'n lang ry en op spoed van regs af my skootsvak nader.

Ek skiet die voorste springbok, wat skuins vorentoe weghardloop, plat. Die bokke steek vas by die een wat val en swaai weer links. Ek roteer op my knieë regs om die miershoop, val plat en skiet weer die voorste bok. Nou is hulle heeltemal verward, spat eers uitmekaar, maal rond en kom weer bymekaar na 'n paar meter in 'n reguit lyn reg op my af. Intussen laai ek weer drie patrone, want my magnum vat net drie patrone op 'n slag, sonder om my oë van die bokke af te haal, en skiet twee na mekaar reg van voor. Die laaste een val nie verder as veertig tree van my af nie. Die bokke maal nou erg verward voor my rond, en weet glad nie waarnatoe nie. Ek skiet met die laaste patroon in die geweer nog een van die twee oorblywendes sommer baie naby. Die laaste bok wat in die trop oor is, beweeg agter 'n vaalbos in en dit gee my weer tyd om my laaste patroon te laai. Ek haal in die proses my oë van die bos af. Ek staan op agter die miershoop, en soek nou die laaste bok wat agter die klein vaalbos inbeweeg het, maar dié het op 'n onverklaarbare wyse in daardie grote vlakte soos mis voor die son verdwyn. Wat die gevallenes betref: Tussen die naaste en die verste bokke, het ons nog ses opgetel.

Op pad terug kamp toe, wys oom Hannes anderkant die eerste koppe vir my met sy vinger 'n alleenloper- bok, en sê: "Daar is jou spookbok wat weggekom het". Waarop ek hom toe ook maar uithaal met 'n skoot deur die skof. Johann word ook opgelaai, met sy springbok, en almal is tevrede dat die dag, wat weereens vir meer as sy kwota opwinding gesorg het, met 11 bokke in die slaghuis!



Towan Nöthling met sy eerste springbok. Net 'n wyelens kamera kon sy glimlag vaslê. Links agter staan Willie Olivier, uitgevat in sy springbok-voorsituniform

# WIE DRA DIE BOK?

## *Kobus Joubert*



Agter vlnr.: Giel van Dyk, Zirk Joubert, Dewald Joubert, Gustav Luus, Tom Grace. Middel: Hennie Joubert, Billy Kriel. Voor: Kobus Joubert, Ferdi Potgieter

Op elke jagtog gebeur daar mos `n "ding". Dis die gebeurtenis wat in jou gadagtes vassteek, waaraan jy die uitstappie onthou. Die ding het begin toe ons vir Gustav so teen half drie by `n pan aflaai waarheen `n mooi troppie vroeër vir ons weggehardloop het. Ons hoor later Gustav se skoot, maar sy klap is nie lekker nie. Die klap het geklap, maar hy`t nie mooi geklap nie. So moes hy toe toekyk hoe `n driebeen springbok deur die drieduim diep pan hardloop sonder om hom nog `n kans te gee.

Elkeen trek toe sy beste spoorsnyskoene aan en ons begin spoorvat. Nou ja, `n grap is `n grap, maar jy maak ook nou nie `n sambreel op `n ongemaklike plek oop nie. Die bok het ons laat stap, sommer goed laat stap. Net sodra jy wil moed opgee, kry jy weer `n plek waar hy gestaan het, dan stap jy weer. So stap die tyd ook aan en ons sien die lig gaan ons vang. Terug op die Cruiser en op die lang grondpad terug kamp toe.

Sowat vier kilometer vanwaar ons die spoor gelos het, kry ons `n mooi troppie langs die grondpad en Gawie bring die Cruiser tot stilstand. Daar staan `n oop bok en die Impala-punt van die .270 doen sy werk. Gawie, Hennie en ek is oor die draad om gou binnegoed uit te haal. By die bok gekom word ek onmiddellik in die beskuldigdebank geplaas en ondervra: "Hoekom skiet Pa die bok se been af?" "Dis seker…. Nee, my skoot is agter die blad, regdeur." Net daar gaan die ligte aan en die driemankoor bulder: " Gustav kom dra jou eie bok!"

# ANDERSHEID BRING EENSAAMHEID…

## *Johan Nöthling*

7 Julie 2006. Ek en my seun Towan, Piet de Jager, Johan Kapp en sy seun Herman, Johan Terblanche en Abel Botha se staning is so 20 km wes van Messina en 5 km suid van die Limpopo. Kremetart, sterkastaiing en mopanie is volop en die mooiste gebande gneis dagsoom in die lopies - mooi wêreld!
So teen elfuur kom ek, Towan en die gids op dié rooibokram af waar hy sielalleen in die son staan en bak - sommer so teen 'n met steekgrasbegroeide, klipperige rantjie - nou nie die omgewing waar 'n territoriale ram naby sy misplek sal hou nie. Oor die afstand van omtrent sewentig meter staan die ram oop en bloot, sonder enige teken dat hy ons drie gewaar het en ek skiet hom dood: so half, hoe sal ek nou sê? Sommer so…

Dié ram was dalk mooi van ver, maar vér van mooi, dié was hy. Boonop het die stomme ding se reuk my herinner aan dié van 'n nou stadstegie waar sommige hulle blase ledig. Die rede? Sy geslagtelike ontwikkeling was abnormaal!

Hoewel hy die liggaamsbou van 'n ram gehad het met nogal 'n mooi paar horings en 'n goedgespierde nek (foto links bo) was sy geslagsorgane opvallend abnormaal. Die foto regs bo toon dat die geslagsorgane algar sommer doer ver agter tussen die agterbene op 'n bondeltjie, agter die twee speentjies (wat deur pyltjies op die foto's regs bo en links in die middel aangedui word) gesit het. Lg. foto's toon die trietsige ou peestertjie wat sommer daar agter die teelballe al moed opgegee het met verder ontwikkel. Boonop was die peestertjie soos 'n sekel na agter omgebuig, sodat die ram voortdurend teen sy binnedye ge-urineer het, soos die foto's regs bo en regs in die middel, en my neus, beaam. Van 'n peesterskede wat die peester onder die buik bedek, soos by 'n Ram van 'n ram, was daar geen sprake nie. Die teelballe het sommer doer hoog op in die lieste gesit - sonder enige sprake van 'n balsak En klein! Die foto in die middel links toon die ou teelballetjies tussen my duime en wysvingers, en hulle is kwalik so groot soos my duimkoppe.

Die ram het ook verskeie wonde van verskillende ouderdomme gehad, waarvan net die een aan die buitekant van die linkerdy (foto links onder) en dié aan die regterbokant van die nek (foto regs onder) getoon word.

Geslagtelike ontwikkeling is ingewikkeld en sonder noukeurige toetse bly die presiese oorsaak van dié ram se afwyking onbekend. Die teenwoordigheid van teelballe bevestig dat die ram wél die geen vir manlikheid van sy vaar se sperm, wat hom verwek het, ontvang het. Normaalweg skei 'n manlike fetus (d.w.s. voordat die rammetjie gebore word) se teelballe die manlike hormoon testosteroon af. Hierdie testosteroon stimuleer dan die ontwikkeling van die peester, peesterskede en die balsak. By hierdie bepaalde ram is dit dus moontlik dat sy teelballe te min testosteroon afgeskei het, of dat die werking van testosteroon op die geslagstelsel belemmer was, alhoewel daar ander verklarings ook mag wees.

(Prof. J. O. Nöthling, verbonde aan Dept. Geslagskunde, Onderstepoort - Red.)



**Wat ook al die oorsaak vir die ram se foutiewe ontwikkeling, vermoed ek dat sy vreemde reuk a.g.v. sy urienbesmeerdheid, en moontlik ook 'n anderse temperament, hom die venyn van ander ramme op die hals gehaal het. Ek vermoed dat hierdie ram nie alleen was omdat hy 'n gesonde sterk territoriale ram was nie, maar 'n verstoteling. 'n Verstoteling verwond deur sy ramgenote, of omdat hy 'n „geurige" lokaas vir roofdiere was?**

***(Foto's deur Abel Botha)***

## *CONSERVATION / BEWARING*

The Ground Hornbill is a charismatic, large, black, turkey sized bird with red facial skin and a deep booming call.

Ground Hornbills occur in family groups of 2-9 birds and on average one fledgling is raised to adulthood every nine years. Groups also only breed during good rain seasons and will skip breeding when conditions are unfavourable.

Because of the alarming threats facing the species, the Mabula Ground Hornbill Project was established in 1999.

A main focus of the project is the species' long-term security in non-protected areas of the Limpopo Province. To this end the project is currently working with landowners, farmers and other volunteers monitoring the movements and distribution of wild groups and erecting artificial nests. Ground Hornbills require large natural cavities in trees to nest and many of these large trees have been lost. It is hoped that by providing artificial nests more groups will be encouraged to breed. At this stage thirty nests have been erected.

Hannes Nel, 'n jagplaaseienaar van Maroi Boerdery langs die Limpopo en lid van BJV-Kremetart, het sy gewig ingegooi agter die bromvoëlprojek.

Op pad na sy jagkamp is die Mubula-projek se kunsmatige nes. Hannes sê die bromvoëls het die behuising aanvanklik aanvaar, maar nou lyk dit of hulle dieper in sy plaas ingetrek het.



*The Ground Hornbill, Die Bromvoël: Bucorvus Leadbeateri*

Mabula Ground Hornbill Project contact details:
Nick Theron: 083 289 8610
Ann Turner: 083 743 4270
Email: project@ground-hornbill.org.za
Website: www.mabulagroundhornbillconservationproject.org.za

Tel: 015 534 0750
Fax: 015 534 3661
E-mail: messina@istores.co.za
A MEMBER OF THE ISTORES GROUP

Messina Superspar
PO Box 1361
Musina
0900

Augustus 2007

Geagte Jagtersvriende,

Dis my voorreg om die Superspar hier op Musina te bedryf. Nou weet ek uit ervaring dat 'n wavrag kruidenierswame, groente en vrugte deel vorm van die voorbereiding vir 'n jagtog.

Met die grootste vrymoedigheid nooi ek jagters van waar ook al, om alle inkope hier by Messina Superspar te kom doen. Met Spar se verskeidenheid en pryse, kan jy nêrens beter doen nie.

En as die bokke hang, is Spar se slaghuis gereed om die vleis op elkeen se spesifieke voorskrif te verwerk: Speserye, biltong, wors... net wat jy sê.

Hartlike jagtersgroete,

Pieter Koekemoer.

Bestuurder
074 197 9640

Messina
SUPERSPAR

